18 Nov

Uitgawe 2009/11/18

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. (**1 Tess.5:6,8**). Ons, as Gelowiges moet nie soos die res van die wêreld wees wat nie 'n verhouding met Christus het nie en onsself in 'n posisie vind waar ons sluimer nie. Ons moet oor onsself waak, ons harte, gedagtes, woorde en dade; asook andere, ons mede-Christene dat hulle nie sal toegee aan slegte beginsels en sondige dade nie. Ons moet nugter wees, nie net liggaamlik nie, maar in ons gedagtes – gedurig wandel in die pad van inkering met 'n ernstige blik op enigiets wat ons verhouding met God kan belemmer. ***Vader, ons soek U aangesig en vra dat U ons sal versterk sodat ons Satan kan weerstaan.***

Deurbraak : Aborsie

Die direkteur van 'n aborsie kliniek in College Station, Texas, is besig om opslae te maak in nasionale hoofberigte nadat sy haar pos bedank het by *Planned Parenthood* nadat sy 'n aborsie op ultraklank gesien het. Vir die eerste keer kon sy die baba in die baarmoeder sien en waarneem hoe die baba probeer wegkom van die voelpen wat die dokter gebruik het. Sy het gesien hoe die baba probeer wegdraai en sy wou hê dat die dokter moet stop! Die ander rede vir haar bedanking is die feit dat sy onder druk geplaas was met die ekonomiese krisis om meer vroue wat wou aborteer toe te laat omdat aborsies die meeste geld vir die kliniek ingebring het. (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/us/2009/November/Former-Abortion-Director-Has-Radical-Change-of-Heart/, 08/11/09). ***Prys die Here vir die deurbraak in die direkteur se persoonlike lewe. Bid dat haar storie baie ander sal inspireer om aborsies stop te sit. Bid vir vroue wat dit huidiglik oorweeg om hul baba te laat aborteer; bid dat die Heilige Gees hul sal oortuig van die lewe wat hulle dra*** (**Ps.139**).

Bid vir jou gemeenskap : Kinderwelsyn

Kinderwelsyn kenners in Suid-Afrika is bewus van 'n kwellende toename in die aantal *"shaken babies"* wat in die ongevalle eenhede in die hospitale opeindig. Hulle lei aan breinskade of hul ontkom aan die geweld van mishandeling. *Shaken baby syndrome* (SBS) is 'n mediese kondisie wat gekenmerk word wanneer 'n baba geskud word, en dikwels met soveel krag dat die bloedvate en senuweefsel skeur. Dit kan tot breinskade en permanente blindheid lei. (Webruimte: http://www.iol.co.za/html/frame_babynet.php?set_id=16&click_id=661&art_id=vn20091107072614576C988660, 07/11/09). ***Bid asseblief vir die beskerming van babas in jou gemeenskap. Bid dat ouers nie hul kinders sal verwaarloos nie.***

Suid-Afrika : Gebedsfokus op misdaad, geweld en korrupsie

Die hele Suid-Afrika is geroep tot 'n week van intense gebed oor die kwessie van misdaad, geweld en korrupsie in die land. Almal word geaffekteer deur geweld. Baie mense ly. Mense van verskillende agtergronde in alle dorpsgebiede lei. Vroue en kinders lei onder die toename in huishoudelike geweld, wat veroorsaak word deur alkohol misbruik en ander invloede wat tot geweld lei. Kaapstad word beskou as nommer 5 en Johannesburg nommer 20 op die lys van die mees gewelddadigste stede in die wêreld. Ons wil Christene aanmoedig om van 23 – 29 November in alle erns te bid oor die bogenoemde kwessies. (Webruimte: http://www.jwipn.com/events.asp?rec=57, 02/11/09). ***Smeek die Regter van die aarde om in te tree en die siklus van misdaad, haat en wraak te breek*** (**Gen.18:25**). ***Laat toe dat die Heilige Gees jou hart ondersoek en bely namens al die Suid-Afrikaners die volgende: Aborsie (aborsie is moord van die onskuldige en dit open 'n geestelike deur vir geweld en bloedvergieting in die samelewing). Gewelddadige misdaad wat bloedvergieting veroorsaak (gewapende roof, moord). Moorde op families, kinders en bejaardes. Egskeiding ('n daad van geweld – Mal.2:16).***

Internasionaal : Blyk op gelowe

Die mensegroepe met die hoogste bevolking in die wêreld en wat die minste evangeliseer word ontvang nog steeds die minste sendelinge. Bietjie meer as vyf-en-twintig persent van buitelandse Protestante sendelinge fokus op twee-derdes van die wêreld wat oorwegend nie-Christen is – en meeste van hulle reik uit onder groepe wat reeds bereik is. Meer as sewe-en-twintig persent van die wêreld se bevolking is deel van groepe wat geen of min kontak het met die evangelie. In terme van finansies, word minder as een persent van die V.S. se kerk offerande geskenk as ondersteuning vir die sendingwerk onder die groepe wat die minste bedien word. (Webruimte: http://www.lausanneworldpulse.com/1193?pg=all, 04/11/09). ***Bid dat diegene wat op 'n ander pad is sal agterkom dat iets in hul lewens kort en na die waarheid sal soek.*** (**Joh.14:6**). ***Bid vir moed vir diegene wat nog nie Christus gevind het nie en gewillig is om enige prys te betaal om die ware weg te vind. Bid vir dapper getuies om die boodskap van God se liefde en vergifnis deur Christus Jesus te bring aan ander wie se harte reg is om te hoor.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com